


(C)

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 7

PRETORIA, 19 OCTOBER
OKTOBER 2001

No. 204

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

INHOUD

No.

*Page
No. Gazette
 No.*

ALGEMENE KENNISGEWING

6243	Wet op Onderwysbeleid (12/1998): Toevoeging van beleidsdokument tot Beleidsregister: Transformasie van VKO in Gauteng: Vroeëkindertwikkelingsbeleid	3	204
------	---	---	-----

GENERAL NOTICE

NOTICE 6243 OF 2001

Ek, Ignatius Patrick Jacobs, voeg hiermee die beleidsdokument *Transformasie van VKO in Gauteng: Vroeëkindertontwikkelingsbeleid* toe tot die Beleidsregister, soos gemagtig ingevolge artikel 3(2) van die Wet op Onderwysbeleid, Wet No. 12 van 1998 (Kennisgewing 1122 van 22 Februarie 1999).

Ignatius Patrick Jacobs

LUR vir Onderwys: Gauteng-provinsie

Geteken te: _____

Datum: _____

INHOUDSOPGAWE

AFDELING 1	
BEDOELING VAN DIE BELEID	5
AFDELING 2	
DOEL VAN DIE BELEID	5
AFDELING 3	
INLEIDING	5
AFDELING 4	
GESKIEDENIS EN HUIDIGE STATUS VAN VKO-VOORSIENING	6
AFDELING 5	
AGTERGROND EN DOEL	7
AFDELING 6	
TRANSFORMASIE VAN DIE OUE	9
6.1 VKO-NALATENSKAP	9
6.2 OPSIES VIR BESTAANDE OPENBARE PREPRIMÊRE SKOLE	11
6.2.1 Vestiging as 'n openbare preprimêre skool	11
6.2.2 Die oordrag daarvan aan 'n bestaande openbare primêre skool	11
6.2.3 Privatisering	11
6.2.4 Sluiting	12
6.3 PERSONEELIMPLIKASIES	12
AFDELING 7	
TOEGANG TOT EN UITBREIDING VAN DIE VKO-SEKTOR	12
AFDELING 8	
GEHALTE EN BILLIKE-GELYKHEID	14
AFDELING 9	
DIE PROVINSIALE VKO-INSTITUUT	14
AFDELING 10	
SLOT	16

Ek, Ignatius Patrick Jacobs, Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) belas met Onderwys in die Gauteng-provinsie, het beleid gemaak ten opsigte van Vroeëkindertontwikkeling [VKO] ("Early Childhood Development = ECD) soos dit in die Wet op Onderwysbeleid beoog word, en hierdie dokument stippel die beoogde beleidsraamwerk uit.

AFDELING 1

BEDOELING VAN DIE BELEID

Die Gautengse Departement van Onderwys (GDO) het, in sy erkenning van die belangrikheid om in Vroeëkindertontwikkeling (VKO) te belê, beleidsprioriteite ontwikkel om die belange van kinders jonger as die verpligte skoolgaande ouderdom in twee kategorieë te dien, naamlik deur

- die implementering van 'n Resepsiejaar (graad R) vir kinders van 5-jarige ouderdom wat 6 jaar oud sal word, waardeur die onderwyskundige verpligting van die verskaffing van 10 jaar verpligte onderwys verwerklik word; en
- die vestiging van 'n VKO-instituut om aan die behoeftes van gesinne of kinders wat jonger as 6 jaar is te voldoen.

AFDELING 2

DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van hierdie beleid is om aandag te skenk aan die beleidsgapings wat op provinsiale vlak bestaan in 'n poging om die ongelykhede te hanteer wat in die VKO-sektor bestaan as gevolg van hierdie beleidsgapings.

AFDELING 3

INLEIDING

'n Kernaspek van die regering se taak is om 'n verenigde, demokratiese Suid-Afrika te vorm. Dit impliseer die vereniging van alle vorige afsonderlike regeringsinstellings om die hele Suid-Afrikaanse bevolking op 'n billik-gelyke basis te dien.

Die VKO-verpligtings van alle staatsdepartemente spruit voort uit die Regte van Kinders soos dit uiteengesit is in die Grondwet en ander Internasionale Konvensies wat deur Suid-Afrika onderteken is.

Ingevolge artikel 29 van die Grondwet¹ het elkeen die reg op basiese onderwys. Hoofstuk 2 van die Grondwet, die Handves van Regte, vermeld die regte van kinders op onderwys, taal en kultuur. Die regte van kinders, wat in artikel 28 vermeld is, is spesifiek regte wat nie aangetas mag word nie. Die rigtinggewende beginsels van VKO-ingryping berus op die Grondwet. Die belangrikheid van onderwys in Suid-Afrika se politieke, sosiale en ekonomiese ontwikkeling is derhalwe een van die belangrikste aanwysers waaraan die doeltreffendheid van lewering deur die Regering gemeet word.

¹ Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

Die voorsiening, groei en bestuur van VKO in Suid-Afrika kom voor geweldige uitdagings te staan. Die onvolledige wetgewende raamwerk, die fragmentering en die onbillike voorsiening van die verlede bied groot uitdagings, wat nuwe strategieë vir voorsiening in dié sektor verg. In hierdie stadium bestaan daar geen hegemonie in VKO nie. Verskeie provinsiale departemente en die plaaslike regering ondersteun VKO op 'n ongekoördineerde wyse, wat gapings en oorvleueling van funksies, in die besonder op die terreine van befondsing en verskaffing van hulpmiddele tot gevolg gehad het. Al hierdie instellings het 'n belangrike rol om te speel in die ontwikkeling van doeltreffende steunstelsels en die lewering van kostedoeltreffende wyses om saam te werk ten einde die grootste uitset met uiters beperkte hulpbronne te bereik.

AFDELING 4

GESKIEDENIS EN HUIDIGE STATUS VAN VKO-VOORSIENING

Die nuwe nasionale Departement van Onderwys het 'n breë definisie vir VKO gekies wat verder strek as die vorige eng konsepte van preprimêre skole, onderwyssorgsentra en crèches. Die *Interim Policy for Early Childhood Development* (1996) omskryf VKO as "(A)n umbrella term that applies to the processes by which children from birth to at least 9 years grow and thrive physically, mentally, emotionally, spiritually, morally and socially".² VKO-programme is gerig op hierdie ouderdomsgroep en word nie noodwendig in 'n skool aangebied nie, maar ook in gemeenskapsgebaseerde sentra en huise (privaat VKO-dienste).

Die insluiting van die frase "ten minste nege jaar" dui op leerders wat miskien ouer is maar wat steeds in hierdie ontwikkelingsfase verkeer.

Die VKO-sektor het te kampe met 'n nalatenskap dat die meerderheid swart kinders nie toegang tot enige vorm van onderwys voor formele skoolonderwys het nie. Die wanbalanse van die verlede in die voorsiening van VKO was daarop gemik om veral die wit leerders te bevoordeel aangesien hulle op driejarige ouderdom tot voorskoolse onderwys toegetree het. Swart leerders het dus vanaf 'n vroeë ouderdom 'n nadeel gehad as gevolg van die VKO-voorsieningsnorme. Dit blyk duidelik by die toetrepunt tot formele onderwys, waar die bevoegdheidsvlak van leerders tussen rasse verskil. Dit is vanweë hierdie redes dat daar 'n hoë uitsakkoers en lae slaagkoers in baie van die histories benadeelde skole is.

Voor 1994 het slegs ongeveer 10% van die kinders in Suid-Afrika vanaf geboorte tot en met sesjarige ouderdom toegang tot private VKO-fasiliteite gehad. Die vernaamste bydraers tot VKO was baie jare lank die nieregeringsagentskappe, geloofsgemeenskappe en ander burgerlike liggame wat saam met werklose vroue in die townships 'n hele aantal vernuwende gemeenskapsgebaseerde VKO-programme begin het.

Om hierdie rede leen die Witskrif op Onderwys en Opleiding (1995) erkenning aan die behoefte aan groter ingryping in programme ten einde te voldoen aan die behoeftes van gesinne en gemeenskappe wat vir hierdie ouderdomsgroep voorsiening maak.

² *Interim Policy for Childhood Development*, Glossary, p. 1

Die hoofkwessies is:

- Die tipe voorsieningsmodelle wat ons behoort te gebruik, in die lig van die behoefte om uit te brei en vir alle kinders voorsiening te maak.
- Die plasing van strukture vir bestuur, koördinerende, implementering en gehaltemonitoring, gesien die behoefte om gemeenskappe en gesinne in hierdie werk te bemagtig.
- Die tipe struktuur wat lewering sal fasiliteer, deur lang bestuurskanale van die regering uit te skakel en die nieregeringsektor daarby te betrek.

AFDELING 5 AGTERGROND EN DOEL

Daar word algemeen aanvaar dat kinders wat sorg van goeie gehalte ontvang, gewoonlik floreer, terwyl kinders wat swak gehalte sorg ontvang, in risiko-omstandighede kan verkeer. In die verlede is kwaliteit omskryf en gemeet volgens standaarde wat deur ryk nywerheidslande gestel is.

Daar bestaan nou 'n groeiende erkenning van die behoefte aan omvattende gesinsbeleid. Samelewings moet 'n verskeidenheid opsies verskaf wat ouers in staat stel om reëlins ten opsigte van kindersorg te kies wat die geskikste is volgens hulle kinders se ouderdom, individuele styl, hulle eie ekonomiese en maatskaplike omstandighede, en die waardes en houdings wat hulle huldig.

Nuwe beleid moet fokus op die aard van sorg, die gehalte van sorg, en die wyse waarop dié twee faktore tesame kinders met verskillende karaktereienskappe, uit verskillende gesins- en kultuuragtergronde en met verskillende onderwys- en individuele behoeftes beïnvloed. Die afgelope tyd word daar meer aandag geskenk aan die behoefte aan 'n wye verskeidenheid strategieë wat gesinne as die primêre versorgers van jong kinders kan steun, eerder as om in alle gevalle die toevlug tot "nie-ouerlike" sorg van swak gehalte te neem.

Die visie vir VKO in Gauteng is gegrond op artikel 5 van die Jomtien-Wêrelddeklarasië oor Onderwys vir Almal van 1990, "Learning Begins at Birth". Die volgende uittreksel verskaf 'n samevatting van hierdie visie:

"Early childhood care and education is an integral part of basic education and represents the first essential step in achieving the goals of Education-for-All. Recent world conferences testify to the growing appreciation of the crucial importance of the child's earliest years, and of the need to support families and communities in their role as the child's most influential educator. The learning capacity and value orientations of children are largely determined by the time the child reaches the age of primary schooling. For this reason, any sustained effort in Education for All must set targets and programmes for early childhood and attempt to raise the life skills of families.

Improving children's health and nutrition is necessary, but increasingly, in a situation where fourteen out of fifteen of the world's children survive until the age of one,

governments and civil society are turning their attention to the psychosocial and cognitive development of children. Well conceived quality early childhood programmes help meet the diverse needs of young children during the crucial early years of life, enhance their readiness for schooling, have a positive and permanent influence on later schooling achievement. In addition, countries that succeed in mobilising local government, municipalities, communities and voluntary organisations in the care and education of young children have been able to decentralise and innovate in their educational systems, and at the same time, make an important contribution towards population information and family education.”

Gevolglik behels VKO, as 'n terrein van beleid en programme, die bevordering van optimale ontwikkeling

- op 'n inklusiewe grondslag om die totale ontwikkeling van alle kinders te steun;
- deur middel van 'n verskeidenheid kruissektorale programme, intervensies en ervarings (bevorderend, voorkomend, genesend en rehabiliterend); en
- gerig op die kind, die gesin en ander versorgers, asook die gemeenskap.

Hierdie definisie erken die behoefte aan 'n nuwe, omvattende beleid vir jong kinders. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n vennootskap

- tussen al drie sfere van regering (nasionale, provinsiale en plaaslike regering);
- tussen die verskillende provinsiale departemente; en
- tussen die regering en nieregeringsrolspelers.

Die huidige voorsieningstelsel is gefragmenteer en onbillik. Ons het 'n verskeidenheid strategieë nodig om gesinne by te staan om in die basiese behoeftes van jong kinders te voorsien. Die gewilde sentrumgebaseerde model is te duur om toegang vir alle kinders te verseker en is nie noodwendig geskik vir die behoeftes en omstandighede van kinders in Gauteng nie.

**AFDELING 6
TRANSFORMASIE VAN DIE OUE**

6.1 VKO-NALATENSKAP

Die tabel toon die huidige (openbare preprimêre skole) en vorige (Impilo- en private VKO-dienste) befondsing deur die GDO aan die VKO-sektor.

Program	Getal leeders	Personeel	Akkommodasie	Koste
<p>Openbare preprimêre skole 95 openbare preprimêre skole vir kinders van 3- tot 6-jarige ouderdom</p>	±12 000 per jaar	Voorsien vir 'n opvoeder: leerder-verhouding van 1:25. Alle hoogs gekwalifiseerde K/S-opvoeders word deur die Staat betaal. Sommige steunpersoneel word ook deur die Staat betaal.	Goed toegeruste persele, meesal deur die Staat gebou	<p>1996/7 R45 576 000</p> <p>1997/8 R48 801 000</p> <p>1998/9 R48 475 000</p> <p>1999/2000 R41 238 000</p>
<p>Impilo-loodsprojek (wat twee kleiner loodsprojekte ingesluit het, naamlik die Joubertpark-middelstadprojek en die Kathorusprojek) Private of gemeenskaps-dienste vir kinders van 3- tot 6-jarige ouderdom.</p>	± 40 000 per jaar	Ongeveer 1 000 ongekwalifiseerde of NRO-opgeleide VKO-praktisyns. Opleiding aangebied deur die Impilo-projek.	Swak toegeruste dienste in informele nedersettings, agterplaaskamers en motorhuise in townships.	Aanvangs-befondsing van R2 m. deur die Departement van Onderwys, met gelyke finansiering deur die GDO vir die eerste jaar, aangevul deur R7 m. van die GDO oor die volgende twee jaar (1998-2000)
<p>Private VKO-dienste gesubsidieer deur die GDO: 181 VKO-dienste vir kinders van 3- tot 6-jarige ouderdom</p>	± 17 000 per jaar	'n Kombinasie van hoogs opgeleide K/S-opvoeders en vroeëkindersorg-praktisyns – Geen salarisse word deur die Staat betaal nie.	Goed toegeruste en goed ontwikkelde VKO-sentra	Hierdie VKO-dienste het tot aan die einde van 1997 <i>per capita</i> -subsidies van altesaam net meer as R1 m per jaar van die GDO ontvang.

				Toe hierdie subsidies opgeskort is, is daar vir die geld in VKO begroot as aanvulling tot die Nasionale loodsprojek in Gauteng, naamlik Impilo.
--	--	--	--	---

Daar is tans 'n verskeidenheid VKO-programme en -metodologieë in Gauteng en ander provinsies, en die meeste daarvan is op Amerikaanse en Europese modelle gegrond. Elke program het sy inherente sterk en swak punte, maar baie van hierdie programme is nie noodwendig vir elke gemeenskap of gebied geskik nie. Daar was dus 'n dringende behoefte om ondersoek in te stel na gepaste modelle en om sodanige modelle inheems vir die Suid-Afrikaanse toneel te maak.

Die voorspraak wat ten opsigte van die Suid-Afrikaanse grondwet gedoen word, die regte van kinders en menseregte het ook bewustheid verhoog en gemeenskappe aangespoor om te verseker dat hulle regte nie geskend word nie. Gevolglik is daar 'n toenemende behoefte om kinders te versorg en op te voed.

Die GDO het van die voormalige Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) 'n preprimêre sektor geërf wat uit 95 openbare preprimêre skole bestaan, met opvoeders en ondersteuningspersoneel wat deur die GDO betaal word. Sedert 1997 is ongeveer R47 miljoen per jaar deur die GDO aan hierdie openbare preprimêre skole bestee wat voorsiening maak vir slegs ongeveer 12 000 van die net minder as 'n miljoen kinders onder die ouderdom van 7 jaar in Gauteng. Hierdie skole is verder gekonsentreer in die mees bevoordeelde geografiese gebiede van die provinsie en is dus ontoeganklik vir die meeste voorskoolse leerders.

Nie al hierdie skole funksioneer in geboue wat aan die GDO behoort nie. Tien van dié skole is hospitaalskole wat aan die Departement van Gesondheid behoort, en ander word bedryf in persele wat behoort aan die Departement van Korrektiewe Dienste, die Departement van Finansies, die Departement van Welsyn, die voormalige Transvaalse Provinsiale Administrasie en in geboue in private besit.

Die openbare preprimêreskool-model is 'n uiters duur model en kan nie vir alle kinders in die provinsie toeganklik gemaak word nie. Om hierdie rede is die GDO tans van mening dat die finansiering van hierdie model hersien moet word ten gunste van 'n model wat kostedoeltreffender is, 'n intersektorale benadering tot VKO het en staatsbefondsing aanvanklik sal rig op kinders wat die grootste behoefte ondervind, bv. arm kinders in gebiede wat vir landelike ontwikkeling geïdentifiseer is, MIV/VIGS-geïnfekteerde en -geaffekteerde kinders en kinders met spesiale leerbehoefes.

Enkele van die goed gevestigde private VKO-dienste het ook voorheen 'n *per capita*-subsidie van die GDO ontvang, maar as deel van die transformasie van dié sektor is hierdie subsidies egter aan die einde van 1997 gestaak. Die oorgrote meerderheid gemeenskaps- en informele VKO-dienste wat in die benadeelde gemeenskappe geleë is, het egter nog nooit enige finansiële steun ontvang nie.

In hierdie opsig is sekere opsies beskikbaar.

6.2 OPSIES VIR BESTAANDE OPENBARE PREPRIMÊRE SKOLE

Die benadering wat hier voorgestaan word, impliseer die uitskakeling van die duur openbare preprimêre sektor as 'n voorvereiste vir die sukses van die transformasie van die hele sektor. Hierdie transformasie van VKO behels die sluiting van openbare preprimêre skole. 'n Groot bedrag geld sal vanselfsprekend vrygestel word om diens te lewer aan 'n groter gemeenskap van behoeftige leerders wat tans buite die bestek van VKO-voorsiening val. Dit impliseer nie noodwendig dat VKO al hierdie betrokke skole sal verloor nie. Die sektor sal herkonstrueer moet word.

Die GDO sal met alle betrokke belanghebbendes skakel in verband met die omskakeling van openbare preprimêre skole.

Die volgende herkonstruksie-opsies word vir die openbare preprimêre skole voorgestel sodra hulle gesluit is:

6.2.1 Vestiging as 'n openbare primêre skool

Die Distriksbestuurder moet bepaal of daar 'n behoefte is om die gebou en fasiliteite vir die doeleindes van verpligte onderwys te gebruik. Indien dit die geval is, sal dit as 'n openbare primêre skool gevestig word.

6.2.2 Die oordrag daarvan aan 'n bestaande openbare primêre skool

Die gebou en fasiliteite kan aan 'n bestaande openbare primêre skool oorgedra word. Dit kan wees vir die doeleindes van hoofstroom verpligte openbare onderwys of vir die versnelde vordering van leerders wat te oud is of uit-fase is voordat hulle in die hoofstroom opgeneem word.

6.2.3 Privatisering

Indien daar geen onmiddellike behoefte aan 'n bepaalde gebou is nie, mag die Distriksbestuurder die gebou tydelik oortollig verklaar vir die Distrik se gebruik, vir 'n maksimum tydperk van 5 jaar. Dit sal 'n geleentheid bied vir die hersiening van die situasie sodra 'n nuwe beleid aanvaar is. Indien die Skoolbeheerliggaam van die voormalige openbare preprimêre skool wil voortgaan om die gebou vir 'n private VKO-diens te gebruik, sal hulle die eerste opsie gebied word om te huur, ten einde die ontwrigting as gevolg van die transformasieproses tot die minimum te beperk. Alle huurgeld sal deur onafhanklike waardeerders teen markverwante pryse bepaal word.

6.2.4 Sluiting

Indien die Skoolbeheerliggaam dit versoek, sal die openbare preprimêre skool gesluit word sonder om enigeen van die bogenoemde opsies in werking te stel. Die fasiliteit sal dan aan die Distriksbestuurder gebied word vir enige ander opvoedkundige gebruik waarvoor die Distrik dit nodig het.

6.3 PERSONEELIMPLIKASIES

Ten einde fondse vry te stel vir die voorskoolse sektor van VKO, dit wil sê kinders in die provinsie van geboorte tot 5-jarige ouderdom, word voorgestel dat die GDO die openbare preprimêre sektor rasionaliseer. Opvoeders in hierdie sektor sal aangemoedig word om te poog om in primêre skole (of ander poste waarvoor hulle kwalifiseer) herontplooï te word ten einde hulle huidige rang en voordele in die Gautengse Departement van Onderwys te verseker.

AFDELING 7

TOEGANG TOT EN UITBREIDING VAN DIE VKO-SEKTOR

Volgens die Nasionale VKO-oudit van 2000 is daar ongeveer 4 000 VKO-dienste in Gauteng, wat die openbare preprimêre skole insluit, en dié getal groei jaarliks. Uit die 4 000 dienste het die Nasionale Loodsprojek (Impilo in Gauteng) ongeveer 1 000 persele en as sodanig 40 000 voorskoolse kinders in Gauteng bereik. Die begroting vir hierdie projek was slegs R7.5 miljoen en die hoeveelheid steun was dus baie beperk.

'n Nuwe voorsieningsmodel moet ALLE kinders in Gauteng ten doel hê, met die klem op die Resepsiejaar- (graad R-) leerders. Die besparings uit die herstrukturering van die preprimêre skole sal vanselfsprekend 'n groot bydrae lewer om die Regering behulpsaam te wees om diens te lewer volgens 'n getransformeerde VKO-model.

Die GDO sal aanvanklik as mikpunt stel die finansiering van VKO en programme vir die Resepsiejaar of graad R. Oor die mediumtermyn sal daar, in ooreenstemming met die Onderwyswitskrif 5: Vroeëkindertontwikkeling (2001), ingeskakel word by die ontwikkeling en implementering van voorresepsie jaarprogramme vir 4-jariges uit arm landelike gebiede, uit MIV/VIGS-geïnfekteerde en -geïnfekteerde gesinne en vir kinders met spesiale leerbehoefte. Graad R moet oor 'n tydperk ingefaseer word sodat alle leerders wat teen die jaar 2010 in Gauteng tot graad 1 toetree, aan 'n geakkrediteerde Resepsiejaarprogram deelgeneem het.

Daar is net minder as 1 miljoen kinders onder die ouderdom van sewe jaar in Gauteng. Die rekords van Onderwysbestuursinligtingstelsels toon aan dat daar in 1999 ongeveer 150 000 graad 1-leerlinge in openbare en onafhanklike skole in Gauteng was. Deur hierdie getal te gebruik en voorsiening te maak vir 'n bykomende getal kinders wat moontlik nie vir onderwysvoorsiening in berekening gebring is nie, sal daar volgens 'n ruim skatting vir ongeveer 155 000 leerlinge in graad R in Gauteng voorsiening gemaak moet word.

Die Onderwyswitskrif 5: Vroeëkindertontwikkeling (2001) stel 'n ingefaseerde benadering voor wat op armoede gerig is vir die implementering van graad R in die provinsies. Deur gebruik te maak van befondsing deur die Voorwaardelike Toelae, sal die GDO in die jaar 2002 368 graad R-klasse

akkrediteer en instel. Die huidige aanbevole opvoeder:leerling-verhouding vir befondsing deur die Voorwaardelike Toelae, is 1:30-40 en gegrond op hierdie verhouding sal die aanvanklike jaar van "infasering" in 2002 tussen 11 000 en 14 720 kinders akkommodeer.

In ooreenstemming met die direktiewe van die nasionale Departement van Onderwys, sal die voorsiening van die Resepsiejaar in Gauteng uit drie tipes bestaan naamlik:

- die graad R in openbare primêre skole;
- voorsiening vir graad R by onafhanklike skole; en
- Resepsiejaarprogramme in geïdentifiseerde gemeenskapsgebaseerde persele waar die openbare primêreskool-model nie beskikbaar is nie of nie binne redelike afstand vir die leerder is nie.

Die volgende kwessies moet by die implementering van graad R in Gauteng oorweeg word:

- Die Algemene Onderwysvlak in die skoolstelsel moet 'n resepsiejaar en nege skooljare van graad 1 tot 9 insluit. Die Resepsiejaar sal ingefaseer word met prioriteit wat verleen word aan die gebiede wat nie oor soveel hulpmiddele beskik nie.
- Die Resepsiejaar word deur die staat ondersteun, maar is nie in die eerste fase verpligtend nie.
- 'n Verskeidenheid institusionele vorms van voorsiening van die Resepsiejaar sal ondersteun word. 'n Kombinasie van graad R-klasse moet in primêre skole en gemeenskapsgebaseerde persele binne die stelsel van Resepsiejaar-voorsiening aangebied word.
- Geen bykomende geboue of klaskamers sal aanvanklik deur die GDO met die implementering van graad R opgerig word nie. Toekomstige voorsiening sal egter deur die beskikbaarheid van fondse bepaal word.
- Aanvanklik sal alle graad R-praktisyns deur die Beheerliggame van primêre skole of die bestuurspanne van gemeenskapsgebaseerde persele in diens geneem word. Die Departement van Onderwys sal ter ondersteuning van die mees benadeelde persele 'n subsidietoewysing per perseel verskaf om 'n opvoedkundige program van gehalte vir kinders in die Resepsiejaar te verskaf.
- Die toelatingsouderdom sal streng toegepas word. Leerders sal tot die graad R-klas toetree in die jaar waarin hulle ses word.
- Steundienste vir die Resepsiejaar moet insluit:
 - 'n kurrikulum wat geskik is vir ontwikkeling met spesiale klem op wiskundige geletterdheid, taal en lewensvaardighede.
 - 'n gepaste klem wat geplaas word op die belangrikheid van gestruktureerde sowel as informele kurrikulêre aktiwiteite. Met die kurrikulum moet daar gewaak word teen 'n oorbeklemtoning van formele onderwys.
 - 'n noodsaaklike skakeling tussen die kurrikulum vir graad R en graad een.
- Toepaslik opgeleide personeel met 'n geakkrediteerde Vlak 4-VKO-kwalifikasie as minimum.
- Akkreditasie van geselekteerde gemeenskapsgebaseerde persele wat geïdentifiseer is om 'n graad R-diens te lewer.

Internasionale ondervinding het getoon dat 'n aantal ontwikkelende lande gedurende die vyftiger- en vroeë sestigerjare in dieselfde posisie was. Hulle het besluit om te begin met 'n jaar wat naby die eerste verpligte skooljaar is, en het toe afwaarts volgens ouderdom gewerk. Hulle het ook met subsidies in die sektor begin voordat hulle in 'n posisie was om volle verantwoordelikheid vir befondsing te aanvaar.

AFDELING 8 GEHALTE EN BILLIKE-GELYKHEID

Die bostaande sal vanselfsprekend nuwe uitdagings aan die Departement bied. Die Departement sal regstelling en billike-gelykheid verseker deur aanvanklike bevoorrading van en bewilliging aan die voorheen benadeelde gemeenskappe en VKO-dienste. Dit impliseer dat die reaksie op kwessies van billike-gelykheid gelyktydig met reaksies op probleme van gehaltelewing en volhoubaarheid hanteer moet word. Die persele sal deurlopend gemoniteer en geëvalueer moet word.

Billike-gelykheid sal deur middel van regstelling aandag ontvang. Die dienste sal 'n *per capita*-subsidie ontvang wat gemik sal wees op die verbetering van leeraktiwiteite en hulpbronmateriaal.

Kwaliteit en volhoubaarheid sal ook aandag ontvang deur middel van personeelontwikkeling. Die praktisyns wat in hierdie dienste werksaam sal wees, sal deur SAKO geakkrediteer word. Ongeveer 1 000 praktisyns het reeds deur middel van die Impilo-projek op verskillende vlakke volgens NKR-standaarde opleiding ontvang. Opleiding en akkreditasie sal gehalte-onderwys in die VKO-dienste verseker. Die handhawing van gehalte in VKO sal deur die GDO, tesame met ander Gautengse Staatsdepartemente, geëvalueer word.

AFDELING 9 DIE PROVINSIALE VKO-INSTITUUT

Die huidige Regering het in 1996 die Nasionale Program van Aksie vir Kinders aanvaar wat fokus op die geïntegreerde lewing van dienste aan kinders en gesinne met jong kinders. In ooreenstemming met hierdie fokus erken die GDO dat gepaste voorsiening vir kinders jonger as 6-jarige ouderdom, 'n verskeidenheid programme vereis wat intersektoraal aangebied word deur verskeie Staatsdepartemente tesame met nieregeringsorganisasies, gemeenskapsgebaseerde organisasies en die gesinne self. Die Nasionale Onderwyswitskrif (1995) en die Onderwyswitskrif 5: Vroeëkindertwikkeling (2001) verduidelik dat VKO intersektorale samewerking vereis.

Dit is die bedoeling van die GDO om 'n tender voor te berei vir die vestiging van 'n Provinsiale Instituut om geïntegreerde lewing van VKO vir die ouderdomsgroep 0 tot 5 jaar in die provinsie te bedryf.

Die rol van die Provinsiale VKO-Instituut sal wees:

- om implementering, navorsing en voorspraak te koppel;
- om die implementering van interdepartementele VKO-beleide te bestuur;
- fondsinsameling;

- om alle provinsiale VKO-aktiwiteite te administreer wat deur die GDO, ander staatsdepartemente, VKO-finansiers en die Gautengse Program van Aksie vir Kinders (GPAK) befonds word.

Die Provinsiale Instituut sal dan deur 'n verwysingsgroep verslag doen aan al die tersaaklike staatstrukture, bv. die Direktoraat Transformasie in die Premier se Kantoor, die Gautengse Interowerheidsforum (GIOF), die Gautengse Vereniging van Plaaslike Owerhede, Gautengse Program van Aksie vir Kinders (GPAK) en alle tersaaklike provinsiale departemente. 'n Nieuwe verhouding tussen die VKO-instituut en elke provinsiale departement sal nodig wees om te verseker dat VKO-beleid in ooreenstemming is met verwante nasionale en provinsiale beleid. Sodra 'n magtigende nasionale en provinsiale wetlike raamwerk ingestel is, sal dit nodig wees om die ontwikkeling van regulasies vir registrasie, monitering en befondsing van VKO-dienste te koördineer.

Die beheerstruktuur is 'n deurslaggewende komponent van die organisatoriese samestelling van VKO-dienste. 'n Intersektorale komitee onder leiding van 'n span amptenare van staatsdepartemente, in die besonder die Departemente van Gesondheid, Welsyn en Onderwys, moet ingestel word om die proses van die VKO-instituut aan die gang te kry.

Die tipe ondersteuning en verbintenis wat van die verskillende staatsdepartemente verwag sal word, is soos volg:

- Departement van Gesondheid – gesondheids-, voedings- en immuniseringsprogramme
- Departement van Welsyn – steun ten opsigte van kindertoelae en projekte vir inkomstegenerering
- Plaaslike Regering – registrasie, maatskaplike dienste, omgewingsgesondheid, riolering en infrastruktuur
- Departement van Landbou – voedseltoelae, armoedeverligting vir volwassenes in risiko-omstandighede
- Departement van Kuns, Kultuur, Sport en Ontspanning – kuns- en kultuurprogramme, sport en spel
- Departement van Arbeid – bestuursopleiding, ontwikkeling van ouerkomitees, werkskeppingaktiwiteite
- Departement van Onderwys – opleiding, akkreditasie, kurrikulumontwikkeling, monitering
- Departement van Binnelandse Sake – moet verseker dat alle leerders oor geboortesertifikate beskik.

VKO moet 'n verskeidenheid dienste verskaf wat aangepas is vir die behoeftes van kinders in verskillende ouderdomsgroepe, geografiese gebiede en sosio-ekonomiese omstandighede. VKO-dienste kan in skole, gemeenskapspersele, huise, skole en baie ander plekke geleë wees.

AFDELING 10
SLOT

In die lig van die voorgaande bespreking, is dit duidelik dat daar aan Gauteng 'n besondere geleentheid gebied word om fundamentele en blywende veranderinge aan te bring wat uiteindelik al die kinders van die provinsie sal bevoordeel.

Tot dusver was die projekte in VKO wat ons denke beïnvloed het, kleinskaalse loodsprojekte en die uitdaging sal wees om dit op groot skaal aan te pak. Uit die besparings wat ons sal verkry deur die herkanalisering van skaars hulpbronne wat slegs deur 'n bevoorregte minderheid geniet word, sal ons kan ingryp in die haglike omstandighede van die kinders en gesinne wat in benarde finansiële omstandighede leef.

Verandering was nog nooit maklik nie – nie vanuit die perspektief van diegene wat dit moet teweeg bring nie, en ook nie vanuit die perspektief van diegene wat verandering ervaar nie. Suid-Afrika verkeer egter in so 'n groot paradigskuif dat ons seker kan wees dat, ongeag hoe pynlik die verandering ook al is, die GDO beslis iets grondig anders daar sal stel ten einde gehalte- geleenthede vir ons kinders in Gauteng te verseker.

Die uitdaging word gerig aan alle VKO-rolspelers en -belanghebbendes in Gauteng om die uitdaging te aanvaar om die lewering van VKO radikaal te deurdink en by die oorlegplegingsprosesse betrokke te raak ten einde die uiteindelijke produk lewerbaar en sinvol te maak vir alle gesinne, maar veral vir die gesinne en kinders wat hulp die nodigste het.
